

## Nuwe Lied Bediening



*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!  
**Yeshua is die hart van die Vader!**

### Parashah 39: Chukkat – Verordening (Wetsinstelling)

יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en gesê: “Hierdie is die instelling van die wet wat יהוה beveel het deur te sê: ‘Praat met die seuns van Yisra’el dat hulle vir jou ‘n vlekkelose rooi verskalf bring wat geen gebrek het nie en waarop geen juk gekom het nie. Num. 19:1 en 2 – PWL<sup>1</sup>

**Torah:** Num. 19:1 tot 22:1.

**Haftorah:** Rigters 11:1 tot 33.

**Nuwe Verbond:** Heb. 9:11 tot 22; 13:10 tot 13; Joh. 3:9 tot 21; 1 Kor. 10:4; Joh. 4:10 en 14; 7:37 en 38; Open. 22:17; Luk. 10:19; 1 Kor. 15:55 tot 5; Jak. 4:7.

Vorige jare se notas vir Parashah 39 kan afgelaai word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182).

*People do not believe lies because they have to, but because they want to – Malcolm Muggeridge.*

*The beginning of wisdom is found in doubting; by doubting we come to the question, and by seeking we may come upon the truth – Pierre Abelard.*

*Don't plan without God. God seems to have a delightful way of upsetting the plans we have made, when we have not taken Him into account. – Oswald Chambers.*

*Don't try to bring the Word of God down to your level. Let it pull you up to its level – David MacDonald*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

*To love means loving the unlovable. To forgive means pardoning the unpardonable. Faith means believing the unbelievable. Hope means hoping when everything seems hopeless.* – Gilbert K. Chesterton.

## Torah Bespreking

### Hersiening

In die vorige drie Torahskriflesings het ons met rebellie teen יהוה te doen gekry en telkens geleer van die gevolge daarvan. Ons moet dus deeglik besef dat rebellie is ongehoorsaamheid aan יהוה se Torah, naamlik Sy onderrig en Sy instruksies, asook ontevredenheid met Vader se wyse van voorsiening soos wat Israel in die wildernis gemurmureer het oor water en voedsel (Ex. 15:24; Ex. 16:7-8).

In ons Torahstudie tot hede het ons ook geleer van rebellie teen יהוה se aangestelde gesag en die nadelige gevolge daarvan met Mirjam (Parashah 36), asook Korag en sy bende (Parashah 38) as voorbeeld om ons te herinner en te waarsku dat hoogmoed, ambisie en ‘n gevoel van verontregting maklik kan ontaard in kwaadspraak en rebellie teen יהוה ons God en Vader.

Ons het ook in Parashah 37 geleer dat rebellie teen יהוה is ook om nie Sy beloftes te glo en om nie daarvolgens op te tree nie. Die negatiewe verslag van tien van die twaalf verkeners het tot gevolg gehad dat ‘n hele geslag in die wildernis gesterf het (Num. 14:27-29)!

27 “Hoe lank sal Ek hierdie bese vergadering verdra wat teen My kla? Ek het die murmureringe van die seuns van Yisra’el gehoor waarmee hulle teen My bly kla.

28 Sê vir hulle: ‘So waar as Ek leef, sê יהוה, net soos julle voor My ore gepraat het, so sal Ek aan julle doen.

29 Die lyke van julle wat teen My gekla het, sal in hierdie wildernis val, almal van julle wat getel is, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en ouer.

Rebellie teen יהוה is ook ‘n herinnering dat ons woorde skeppingskrag het wat ons eie lewensloop, positief of negatief sal beïnvloed, asook die van ander wat jou woorde hoor soos Spr. 18:21 bevestig:

Dood en lewe is in die mag van die tong en hulle wat dit lief het, sal die vrug daarvan eet

Ons moet versigtig wees dat ons woorde nie rebellie teen God is nie! Daarom: Laat ons die wyse woorde van Dawid en Salomo onthou:

11 Kom, julle seuns, luister na my; ek sal vir julle die respekvolle vrees van יהוה leer.

12 Wie is die man wat lewe begeer en die dae om die goeie te kan sien, lief het?

13 Weerhou jou tong van boosheid en jou lippe daarvan om bedrog te praat.

14 Gaan weg van die boosheid en doen wat goed is; soek vrede, gesondheid, vreugde, voorspoed en vergenoegdheid en jaag dit na. Ps. 34:11-14.

Hy wat sy mond bewaak, bewaar sy lewe; hy wat te veel praat sal verwoesting op homself bring. Spr. 13:3.

Ons Vader duld nie rebellie in sy huishouding nie! Dit kan soos ‘n wortel van bitterheid (Heb. 12:15) versprei en baie onrus verwek – baie kan daardeur besoedel word. Die gevolg kan wees dat ons sonder die onverdiende guns van יהוה in Yeshua gevind sal word!

Die naam van hierdie week se Torahskriflesing is *chukkat* (חֻקָּה) en beteken ‘n instelling van die Torah, naamlik ‘n wetsinstelling. יהוה se onderrig en instruksies aangaande die rooi verskalf en die reinigingswater is dus ‘n *chukkat* en word gedefinieer as ‘n gebod (opdrag; bevel) wat ‘n geheimenis bevat wat bo ons menslike begrip, wysheid en kennis is.

### Die Gif van Rebelle

In hierdie week se Torahskriflesing murmureer Israel weereens oor voedsel en water – ontevredenheid met die wyse van God se voorsiening, naamlik met die manna uit die hemel.

Die volk het teen God en teen Moshe gepraat: “Waarom het U ons uit Mitzrayim laat opkom om in die wildernis te sterf, want daar is geen brood en geen water nie en ons liggame walg van hierdie nuttelose kos.” Num. 21:5.

Hierdie keer het יהוה as straf giftige slang onder die volk losgelaat en baie was gebyt en het gesterf. Tereg kan gevra word: Wanneer gaan Israel leer om nie teen יהוה hulle God te rebelleer nie?

Nadat die volk berou getoon het, het God vir Moshe opdrag gegee om ‘n giftige koperslang te maak sodat elkeen wat daarna kyk genesing sal ontvang.

Moshe het ‘n koper slang gemaak en dit op ‘n paal gesit en so was dit dat as ‘n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koper slang, hy geleef het. Num. 21:9.

Elkeen wat “besmet” was met die gif van rebelle moes in vertroue gaan om na die slang te kyk en het dan genees geword!

Ons weet hierdie gebeurtenis was ‘n heenwysing na Yeshua wat aan die folterpaal gesterf het sodat elkeen wat met sonde vergiftig is, ontsondig kan word wanneer daar in vertroue na יהוה se Verlossing gekyk word. Daarom lees ons die volgende in Joh. 3:14-15:

14 en net soos Moshe die slang in die wildernis opgelig het, so sal die Seun van die mens opgelig word

15 sodat elke mens wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê,

Dit is ‘n herinnering dat sonde, naamlik die oortreding van Torah (1Joh. 3:4), rebelle teen God is waarvan die loon die ewige dood is (Rom. 6:23).

### Num. 19:1 tot 22 – Die Rooi Verskalf en die Reinigingswater

Die hoogtepunt van hierdie week se Torahskriflesing is die instelling van die instruksies van die rooi verskalf en die reinigingswater. Hierdie wetsinstelling in Num. 19:1 tot 22 is ‘n *mitzvot* (meervoud *mitzvah*) en kan beskryf word as:

- ❖ ‘n bevel, gebod, wet en algemene beginsel van hoe om te lewe, of as
- ❖ gedragsreëls van wysheid.

Volgens Rabbynse siening is daar twee tipes *mitzvot*, naamlik:

- ❖ Die wat logies of selfverduidelikend is en in Hebreeus *mishpatim* genoem word, soos byvoorbeeld die tien gebooe.

- ❖ Die wat 'n geheimenis bevat en deels bo menslike begrip, wysheid en kennis is en wat bekend is as *Chukkim*, soos byvoorbeeld die wetsinstelling (*chukkat*) van die rooi verskalf en die reinigingswater.

Ons wat egter vertrou in die gekruisigde en opgestane Gesalfde Een weet egter dat hierdie wetsinstelling na Yeshua verwys wat dit in elke opsig eenmalig vervul het – tot volheid gebring het! Yeshua is ons reinigingswater soos dit Heb. 9:12-14 bevestig word:

12 Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaaroues bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry,

13 want as die besprinkeling van die wat onrein is, met bloed van bulle en bokke en die as van 'n vers, hulle kan afsonder tot reiniging van die vlees,

14 hoeveel te meer sal die bloed van Die Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien.

Die wetsinstelling van die rooi verskalf en die reinigingswater is 'n geval van die ou verbond wat net 'n skaduwee van toekomstige dinge van die nuwe verbond is (Kol. 2:17). In die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en in die nuwe verbond word die ou verbond openbaar gemaak! Alles deel van Vader-God se onverdiende guns van Genesis tot Openbaring!

Rabbynse Judaïsme sien egter nie hierdie totale prentjie nie, want hulle verwerp Yeshua en dus die Skrifte van die nuwe verbond. Daarom is die rooi verskalf en die reinigingswater vir hulle 'n geheimenis – weens hulle geestelike blindheid – en sal hierdie *chukkat* weer deur hulle ingestel word wanneer die derde tempel herbou is.

Die doel van die verbranding (offer) van die rooi verskalf, hoewel dit nie op die brandofferaltaar van die tabernakel geskied het nie, maar wel buite die kamp, sowel as die reinigingswater wat van die as berei was, was vir die seremoniële reiniging van 'n persoon wat met 'n afgestorwene (met die dood) in kontak was, soos in Num. 19:11-22 beskryf word, asook vir die reiniging van oorlogsbuit (Num. 31:21 tot 23).

Net so is vertrou in Yeshua se folterdood en opstanding, tot sondevergifnis en as versoening met יהוה, die reiniging van elkeen wat geestelik dood was. Yeshua het gesterf sodat elkeen wat in Hom as Verlosser vertrou gereinig kan word van die geestelike dood waarmee ons tot wedergeboorte in aanraking was!

Die verbranding van die rooi verskalf en die bereiding van die reinigingswater bevattende die as van die verskalf was slegs 'n fisiese sinnebeeld van 'n toekomstige geestelike werklikheid. Daarom verwoord die skrywer van die brief aan die Hebreërs dit soos volg:

Laat ons nader gaan met 'n opregte verstand, wil en emosie in sekerheid van vertrou terwyl ons verstand, wil en emosie besprinkel is en gereinig is van 'n bose gewete en ons liggaam gewas is met skoon water. Heb. 10:22.

Hierdie offerande en die voorbereiding van die reinigingswater, was soos die ander offerandes van die Torah van die ou verbond, eenmalig deur Yeshua volbring. Daarom is daar onder nuwe verbond geen verdere nut vir die letterlike reiniging met water bevattende die as van 'n rooi verskalf nie!

Nee, want Yeshua is ook die vervulling van hierdie gedeelte van יהוה se onderrig en instruksies. Maar volgens Num. 19:21 is dit 'n ewige wetsinstelling (*chukat la olam* – 'n instruksie wat tot aan die einde van die wêreld sal voortduur) wat vir Israel en die

vreemdeling wat onder hulle vertoef, geld (Num. 19:10). Daarom: Hoewel ons dit vandag nie fisies doen nie is die geestelike toepassing daarvan ewigdurend. Indien ons die doel en betekenis van hierdie reinigingseremonie verstaan, asook verstaan hoe dit in Yeshua tot vervulling gekom het, dan kan ons vandag deur vertrouwe ook gereinig word wanneer ons telkens met die geestelike dood, naamlik sonde, in aanraking gekom het.

Yeshua het die reinigingseremonie van die verbrande rooi verskalf en die voorbereiding van die reinigingswater volbring. Yeshua was יהוה se vlekkelose rooi verskalf wat buitekant die laer ‘verbrand’ (gekruisig) is en wat die Lewende Water is wat alle onreinheid verwyder.

Hierdie is die waarheid wat ons vrymaak!

Yeshua sê vir die Jode wat in Hom vertrou het: “As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolgelinge van My en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak.” Joh. 8:31 en 32.

Die waarheid (Hebreeus: *Emet*) wat vrymaak, bring verantwoordelikheid wat aanvaar moet word en waarvolgens geleef moet word (Joh. 1:14; Joh. 14:6, 16 en 17). Torah-gehoorsaamheid is die pad na ware vryheid en lewe. Dit maak ons vry om die wil van יהוה te doen en nie meer ons eie wil te volg nie. Dit is die waarheid van vrymaking – vrymaking van die leuen!

*Emet* word in Hebreeus geskryf as *alef, mem, tav* (אמת). Die woord begin met *Alef* en eindig met *Tav* (א) en in die middel is die *mem* (מ) wat simbolies van lewende water is. Yeshua het gesê: “*Ek is die Alef-Tav* (die *alfa* en die *omega*), maar ook: *Ek is die lewende water, almal wat dors het kom na My toe*. Daarom is Yeshua die Vleesgeworde Torah (Joh. 1: en 14) – die Waarheid wat onveranderlik is en wat ons vrymaak van die leuen. Yeshua is die Lewende Water wat elkeen wat in Hom glo se geestelike dors les.

Hy het ook vir my gesê: “*Ek is die Alef en die Tau, die Oorsprong en die Afhandeling. Aan dié wat dors is, sal Ek gee vanuit die fontein van die water van die lewe, sonder koste*. Open. 21:6 .

Wanneer ons יהוה se Woord, vanaf Genesis tot Openbaring glo en doen, dan is die leuen verby. Die leuen kan nooit die waarheid verander nie, maar die waarheid sal altyd die leuen verander!

Dit is belangrik om te verstaan dat die seremoniële reiniging met die water wat die as van die rooi verskalf bevat het, ook die onverdiende guns van יהוה uitbeeld om ons te neem van die realm van die dood na die realm van ware lewe. Wanneer ons sondig kom ons in aanraking met die geestelike dood, maar wanneer ons ons sonde bely is daar telkens die onverdiende guns van ‘n nuwe begin as gereinigde! Vergifnis is om opnuut deur vertrouwe deel te hê aan die verbrande rooi verskalf en die reinigingswater soos dit in Yeshua volbring is.

As ons ons sondes erken en laat staan, is Hy vertrouenswaardig en regverdig om ons ons sondes te vergewe en Hy sal ons van alle boosheid reinig. 1Joh. 1:9.

## Die Torah van die Nuwe Verbond

Hierdie week se Torahskriflesing is weereens bevestiging dat daar ‘n verskil is in die Torah van Moshe en die Torah van Yeshua, dié Gesalfde Een, want die wetsinstelling van die rooi verskalf en die reinigingswater is deur Yeshua eenmalig volbring. Geen verdere verbranding van ‘n vlekkelose rooi verskalf en die voorbereiding van reinigingswater met die as van die

verskalf, word benodig nie! Nie huidig nie en ook nie in die toekoms nie, want Yeshua was die einddoel van hierdie gedeelte van die Torah van Moshe!

Daarom moet ons die woorde van Paulus in Rom. 10:4 altyd onthou:

*want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou.*

In vorige notas is die verandering in die priesterorde wat plaasgevind het bespreek, naamlik dat die Levitiese priesterorde vervang is met die orde volgens Malki-Tzedek (Heb. 7:12-19).

Net so het daar met Yeshua se folterdood en opstanding 'n verandering in die onderrig en instruksies ten opsigte van die offerandes soos in die Torah van Moshe uiteengesit word, plaasgevind, naamlik dat geen verdere diere offers vereis word nie, want Yeshua is ons eenmalige offer.

Die Torah van die offerandes onder die ou verbond is in Yeshua tot volheid gebring. Geen verdere fisiese offerandes volgens die voorskrifte van die Torah van Moshe word vereis nie!

Ons moet altyd onthou dat die aardse tabernakel met sy priesterorde en offerandes slegs 'n bloudrukplan was van die hemelse. Na die folterdood en opstanding van Yeshua is die fisiese egter met die geestelike vervang. Daarom is daar 'n Malki-Tzedek priesterorde wat sonder 'n tabernakel en fisiese offerandes funksioneer. Die priesterorde van Malki-Tzedek met Yeshua as Hoofpriester doen nie diens in 'n aardse tempel nie, maar wel in die Hemelse Koninkryk van יהוה!

Ons taak as priesters is om die lofprijsing van Hom, wat ons uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, ons wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor ons uitgestort (1 Pet. 2:10).

Ek word dikwels gekritiseer en veroordeel vir die onderskeid wat ek maak tussen die Torah van Moshe en die Torah van Yeshua en vir die feit dat ek van die oortuiging is – want dit is wat die Skrifte van die nuwe verbond ons leer – dat ons die Torah van יהוה, soos dit in Yeshua vervul is, moet volg en nie die Torah van Moshe nie!

So is ek byvoorbeeld in 'n e-pos deur 'n Messiaanse Jood wat in Israel bly, beskuldig dat ek weens hierdie siening antisemities is. In die e-pos skryf die persoon ondermeer die volgende:

*“I find the idea of claiming another Torah nothing short of being anti-Semitic. Sorry if I offend you but we do not need to add to the grace and mercy balanced with justice the Torah teaches.”*

Hierdie persoon se siening en geestelike blindheid is verstaanbaar in die lig van wat hy ook skryf, naamlik:

*“I believe that there are parts of the New Testament that could be true but study shows that there has been too much of the New Testament that has been changed that it is no longer a reliable source. Therefore we do not believe that the New Testament has any authority to replace anything in the Torah. We prefer to stay with the Torah that Yeshua taught – the Torah written by Hashem and given to us through Moshe. Everything we know or need to know is in it. There is sufficient scholarly proof that the New Testament could not have been given by Hashem as it contradicts what was given at Sinai.”*



My ondervinding is dat talle in die Messiaanse Beweging ook hierdie siening het. Dit is veral die brief aan die Hebreërs wat bevraagteken en selfs verwerp word. Diegene wat nie glo dat al die Skrifte van die nuwe verbond – van Mattheus tot Openbaring – ook deur die Afgesonderde Gees geïnspireer is nie, is diegene wat verblind is vir die verskil tussen die Torah van Moshe en die Torah van Yeshua! En dit is ook die rede hoekom daar vasgehou word aan die Levitiese priesterorde en waarom die priesterorde van Malki-Tzedek as die priesterorde van die nuwe verbond verwerp word.

Maar ons moet die woorde van Yeshua onthou toe Hy aan sy studentevolgelinge gesê het:

12 Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou ontvang nie,  
13 maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan julle openbaar.

14 Hy sal My vereer en loof omdat Hy, uit wat aan My behoort sal vat en aan julle sal wys.

15 Alles wat My Vader het, is Myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal vat uit wat aan My behoort en aan julle wys. Joh. 16:12 tot 15.

Op die wyse het Yeshua bevestig dat die Afgesonderde Gees Sy studentevolgelinge, waarvan sommige die skrywers is van die Skrifte van die nuwe verbond, sal leer en lei om die volle openbaring te verstaan van Yeshua se folterdood en opstanding en hoe dit verandering in die Torah van Moshe teweeg gebring het.

Dit is die Gees van Afsondering wat die openbaring gegee het dat Yeshua die einddoel van die rooi verskalf en die reinigingswater was. Geen verdere verbranding van 'n vlekkelose rooi verskalf en die voorbereiding van reinigingswater met die as van die verskalf, word benodig nie! Nie huidig nie en ook nie in die toekoms nie, want Yeshua was die einddoel van hierdie gedeelte van die Torah van Moshe!

Die offerandes en die seremonie van die rooi verskalf is uitgedien, maar in die geestes realm bestaan dit steeds. Deur vertrou dat Yeshua in elke opsig dit volbring het, is asof ons deel daaraan het. Die fisiese doen is vervang met die geestelike toepassing daarvan!

Ja, die beginsel en die wese van יהוה se Torah kan nie verander nie en moet gehoorsaam word! Alles vir altyd! Maar verandering in die omgewing en omstandighede, en wat dikwels gekoppel word aan die bepaalde verbond wat ter sprake is, bring egter 'n verandering in die praktyk en in die toepassing daarvan.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Met die beplande derde tempel wat waarskynlik binnekort gebou sal word, sal al die offerandes, asook die voorbereiding van die reinigingswater, tesame met die Levitiese priesterorde heringestel word. Is diegene wat bely dat Yeshua die gekruisigde en opgestane Messias is, en wat met verwagting uitsien na die derde tempel om deelname daaraan te hê, skuldig aan rebellie soortgelyk as die van Korag en sy bende?
2. Sedert Yeshua se folterdood en opstanding is daar nooit weer 'n vlekkelose rooi verskalf in Israel gebore nie. Sal daar ooit weer een gebore word wat aan al die vereistes vir die voorbereiding van die reinigingswater sal voldoen? Volgens Rabbynse Judaïsme sal die geboorte van 'n vlekkelose rooi verskalf in Israel 'n teken wees van die naderende koms van hulle verwagte Messias. Die vraag is egter watter Messias? Die ware Messias of die Antimessias? Gaan Rabbynse Judaïsme die ware Gesalfde Een herken of gaan die

geskiedenis herhaal word toe die meeste van die Joodse leiers nie Yeshua met Sy eerste koms herken het nie?

## Haftorah Bespreking (1 Sam. 11:14-12:22)

### Die Hede Belangriker As Die Verlede! Rigters 11:1 tot 33.

Hierdie week se Haftorahskriflesing plaas die klem op die feit dat ons nie in die verlede moet leef nie, want die huidige is belangriker as die verlede. Dit is nie waar jy vandaan kom wat so belangrik is nie!! Nee, waar jy nou is en waar jy gaan eindig is wel belangrik! Yiftag is 'n voorbeeld van hierdie waarheid. Ons lees in Rigter 11:1 die volgende:

Yiftag, die Gil'adiet, was 'n dapper vegter, maar hy was die seun van 'n hoer en Gil'ad was die vader van Yiftag.

Yiftag was 'n Gil'adiet wie se ma 'n hoer was en dus was hy nie gereken as 'n wettige erfgenaam van sy pa Gil'ad nie. Daarom het sy broers hom weggejaag.

Yiftag het gaan woon in die land Tov, wat aangrensend aan die landstreek Gil'ad was, waar hy spoedig die leier van waardelose manne geword het (Rig. 11:3). Die betekenis van waardeloos in die verband verwys na die feit dat hulle nie hulle bestaan deur eerlike arbeid gemaak het nie, maar wel deur hulle vyande te beroof en deur oorlogsbuit te neem. Hierdie vyande was ondermeer die Ammoniete en dus ook die vyand van Israel. Yiftag het homself dus as leier bewys en as opgewasse teen die vyand. Daarom het sy broers na hom gekom en gevra om hulle aanvoerder teen die Ammoniete te wees.

Ten spyte van Yiftag se verlede, wat as 'n "agterstand" gereken kan word, leer ons dat Vader-God enige een kan gebruik om Sy raadsplan uit te voer. Hierdie week se Haftorah is bevestiging daarvan. יהוה kyk nie na ons verlede nie, maar na die hede!! Hy kyk na die bedoelings van ons harte, na ons liefde vir Hom, na ons toegewydheid en bereidwillig om ons lewens op te offer ter uitbreiding van Sy Koninkryk. So lees ons ten opsigte van die salwing van Dawid as koning die volgende:

יהוה sê egter vir Sh'mu'el: "Moenie na sy voorkoms of sy lang gestalte kyk nie, want Ek het hom verwerp, want God kyk nie soos wat die mens sien nie, want die mens kyk na die uiterlike voorkoms, maar יהוה kyk na die verstand, wil en emosie." 1 Sam. 16:7.

יהוה-God is die een wat harte en niere toets (Ps. 7:10). Hy ken ons beter as wat ons onself ken! Hy weet alles wat in ons elkeen se verstand, wil en emosie is en Hy verstaan al die verbeeldings van die gedagtes van die mens. As jy Hom soek, sal Hy Hom deur jou laat vind, maar as jy Hom verlaat, sal Hy jou vir altyd wegstoot (1 Kron. 28:9).

Daarom moet ons altyd die volgende waarhede ter harte neem:

*God's not interested in our ability; he's interested in our stick-ability* – Leonard Ravenhill.

*God is not interested in your ability, but in your availability!* – Anonymous.

*God uses people. God uses people to perform His work. He does not send angels. Angels weep over it, but God does not use angels to accomplish His purposes. He uses burdened broken-hearted weeping men and women* – David Wilkerson.

Yiftag is ook 'n sinnebeeld van ons as nie-Jode wat ingeënt word op die mak olyfboom en sodoende deel word van die ware Israel. Soos die profesie van die eenwording van die twee



huise van Israel met Yeshua se folterdood en opstanding begin het (Esegiël hoofstuk 37), so sal ons ook as deel van Israel die erkenning as leiers geniet in die einde van die eeue wat op hande is.

Ons leer ook dat Yiftag eers op diplomatieke wyse probeer het om 'n oorlog met die Ammoniete af te weer (Rigters 11:12-17). Die uiteinde was egter oorlog en יהוה het aan Israel die oorwinning besorg. Hierin is daar ook 'n les vir ons te leer.

Daarom is dit belangrik om te onthou wat Yeshua ons geleer het, soos dit ondermeer in Matt. 5:26 opgeteken is, naamlik:

Kom gou tot 'n vergelyk met iemand wat jou hof toe vat terwyl jy nog saam met hom op die pad is sodat hy jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die belastinggaarders en jy in die gevangenis gegooi word nie!

Ons word ook in Heb. 12:14 daaraan herinner om die vrede met almal na te jaag. Indien ons pogings tot vrede en versoening egter misluk, en indien ons volgens יהוה se geregtigheid wandel, sal יהוה ons die oorwinning gee wanneer ons as laaste uitweg met meer drastiese aksies teenoor ons vyande optree.

Die Skrifte verbied ons nie om in selfverdediging op te tree nie. Sommige sal wel Yeshua se vermaning om die ander wang te draai (Matt. 5:39) as rede aanvoer om nie jouself teen 'n aggressor te beskerm nie sodat jy deur sodanige optrede die liefde van Yeshua demonstreer. Dit mag baie edel wees, maar in alle waarskynlikheid sal dit die aggressor aanspoor tot groter aggressie en om ook ander op soortgelyke wyse te behandel.

Die vraag is dus wat Yeshua bedoel het toe Hy gesê het om die ander wang ook te draai? Het Yeshua vredeliewendheid (gedweeheid) as plaasvervanger vir selfvergelding voorgestaan? Volgens Hebreeuse siening was gedweeheid nooit deel van hul denke en kultuur nie. Dit is toelaatbaar (geregverdig) om iemand uit selfverdediging dood te maak. In die verband moet ons onthou dat sommige van Yeshua se disippels was gewapen (Luk. 22:35 tot 38 en 50).

Toe Yeshua hulle vermaan het om die ander wang te draai, het Hy hulle nie onderrig gegee oor hoe om teenoor geweldenaars (rowers, verkragters, moordenaars, ens.) op te tree nie. Nee, Yeshua het na die basiese beginsels van onderlinge broederliefde verwys. In die verband is die volgende woorde van Yeshua van toepassing:

15 maar as jou broer teenoor jou oortree, gaan wys hom tereg; slegs tussen jou en hom.

As hy vir jou luister, dan het jy jou broer gewen,

21 Toe kom Kefa na Hom en sê: “My Meester, hoeveel keer sal ek my broer vergewe as hy teen my 'n oortreding begaan? Tot sewe keer toe?”

22 Yeshua sê vir hom: “Ek sê vir jou, nie tot sewe keer toe nie, maar tot sewentig maal sewe keer toe. Matt. 18:15, 21 en 22

Om die ander wang te draai, het nie betrekking op wanneer ons lewe en voortbestaan op die spel is nie!! Nee, dit het met vergifnis te doen, naamlik: Ons moet vergewe sodat ons vergewe kan word. Dit is een van יהוה se geestelike wette.

maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemel is, ook nie julle oortredinge vergewe nie’.” Mark. 11:26.

Ons moet die gesindheid van Paulus openbaar ten opsigte van ons verlede en ons toekoms:

12 Nie dat ek dit nou al gekry het of al volmaak gemaak is nie, maar ek hardloop asof ek dit in besit kan neem, waarvoor ek ook deur Yeshua, Die Gesalfde Een, in besit geneem is.

13 My broers, ek reken nie dat ek dit self in besit geneem het nie, maar een ding weet ek: dit wat agter my is, het ek vergeet en ek strek my uit na wat voor is

14 en hardloop na die einddoel om die prys te verkry van die hoogste roeping van God in Yeshua, Die Gesalfde Een. Fil. 3:12-14.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is daar dinge uit jou verlede wat jou terughou en verhinder dat jy dit leef waarvoor Vader-God jou geroep het. Dikwels is ons verlede nie ons toedoen nie, maar wel 'n skande om mee saam te leef! Yiftag kon dat verwerping, bitterheid en minderwaardigheid hom verhinder het om 'n dapper held te wees, maar hy het sy verlede oorwin. Onthou: Jy kan in die verlede lewe, maar daar is geen toekoms daar nie!! Onthou ook: Indien jou verlede roep, moenie antwoord nie, want jou verlede het niks nuuts om vir jou te vertel nie! Elke dag is 'n nuwe begin saam met יהוה jou God en deur die onverdiende guns in Yeshua!
2. Is die volgende Skrifgedeeltes waar in jou lewe: Fil. 4:13; Rom. 8:37; Open. 12:11; Kol. 2:12; Efes. 2:6? Indien nie, is die vraag hoekom nie?!
3. Soms is dit baie moeilik om te onderskei tussen jou broeder (naaste) en jou vyand. Hoe kan ons hierdie onderskeid tref? Is die antwoord nie moontlik te vinde in die woorde van Yeshua in Matt. 12:50 nie? Is iemand wat nie die wil van יהוה doen nie dan nie ook 'n vyand van God nie? Ons weet dat vriendskap met die wêreld is vyandskap teen יהוה (Jak. 4:4)

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*